

BESTUURSOPSOMMING: OMVANGBEPALINGSVERSLAG VOLWATERBAAI ONTSOUTINGSAAANLEG EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR, NOORD-KAAP

NCDENC-Verwysingsnommers: **NC/EIA/07/NAM/KAM/KOT1/2013**
NCP/EIA/0000225/2013

1 INLEIDING

Sedex Minerals beplan die ontwikkeling van die Zandkopsdrift Skaars Aardelement-myn **op 'n restant van die Plaas Zandkopsdrift 537, en porsie 2 van Zandkopsdrift 537** in die Noord-Kaap Provinsie te ontwikkel. Die ontwikkeling van die myn is onderhewig aan 'n afsonderlike Omgewingsimpakbepaling (OIB)-proses (NCDENC-Verw.: NC/EIA/NAM/KAM/ZAN/2012).


Weens 'n tekort aan waterbronne in die omgewing is Sedex Desalination, 'n filiaalmaatskappy van Sedex Minerals, gevestig om 'n 4 miljoen m³/jaar seewater-ontsoutingsaanleg te ontwikkel om water vir die myn te voorsien.

Die ontsoutingsaanleg sal by Volwaterbaai geleë wees, op die plaas Strandfontein 559, aan die weskus van die Noord-Kaap Provinsie. Die water sal van daar via 'n pyplyn na die myn gepomp word, met 'n reservoir by Kotzesrus.

Die pyplyn, oorhoofse kraglyne en 'n toegangspad wat die aanleg sal bedien, sal 'n kombinasie van 4x4-roetes en grondpaaie tussen die ontsoutingsaanleg en die Zandkopsdrift-myn volg. Twee verbypaaie rondom Kotzesrus is geïdentifiseer. Hierdie alternatiewe roetes loop langs bestaande spore en voorheen onversteurde grond op plase in private besit (raadpleeg Figuur 1).

Sedex Desalination het SRK Consulting (Suid-Afrika) Edms Bpk (SRK) aangestel om 'n Omvangbepaling- en Omgewingsimpakverslaggewing te onderneem (OB&OIV, ook bekend as OIB), wat vereis word kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), soos gewysig (WNOB).

Raadpleeg p.7 vir besonderhede oor hoe u aan die proses kan deelneem.



Figuur 1: Liggingsplan

This document is also available in English – please contact SRK to obtain a copy.

2 GOEDKEURINGSRAAMWERK

Afdelings 24 en 44 van die WNOB maak voorsiening vir die identifisering van aktiwiteite wat nie sonder 'n Omgewingsmagtiging (OM) kan begin nie, en stip die vereistes vir die evaluering van sodanige aktiwiteite uit. Die OIB-regulasies, 2010, is vervat in vier Regeringskennisgewings (RK's) wat kragtens die WNOB uitgereik is. RK 543 stip twee alternatiewe prosedures vir magtigingsprosesse uit: afhange van die voorgestelde tipe aktiwiteit, word daar óf 'n Basiese Evalueringproses (BE) óf 'n OB&OIV-proses vereis om by die bevoegde owerheid – in hierdie geval die Noord-Kaapse Departement van Omgewing- en Natuurbewaring (NCDENC) – vir OM aansoek te doen.

SRK het vasgestel dat die voorgestelde ontsoeringsaanleg en gepaardgaande infrastruktuur aktiwiteite meebring wat ingevolge RK R544, RK R545 en RK R546 van die OIB-regulasies, 2010 gelys word (Tabel 1).

Tabel 1: Gelyste aktiwiteite wat deur die projek meebring word

No	Beskrywing
RK R544 (vereis BE)	
9	Die oprigting van infrastruktuur langer as 1 000 m vir massa watertoevoer.
11	Die oprigting van 50 m ² infrastruktuur of strukture in 'n waterloop of binne 32 m vanaf 'n waterloop.
14	Die oprigting van strukture wat groter as 50 m ² is op openbare kuseiendom.
15	Die oprigting van geriewe vir die ontsoening van seewater met 'n ontwerp kapasiteit om meer as 100 m ³ behandelde water per dag te lewer.
16	Konstruksie- of grondverskuiwingsaktiwiteite in die see, of binne die aktiewe kussone, of binne 'n afstand van 100 m landwaarts vanaf die Hoogwatermerk (HWM).
17	Die vestiging van plantegroei of plasing van enige materiaal op duine en blootgestelde sandoppervlaktes binne die aktiewe kussone met die doel om die vrye beweging van sand, erosie of natuurlike aanpakking te voorkom.
18	Die opvulling of plasing van meer as 5 m ³ van enige materiaal in, of die bagger, uitgraving, verwydering of verskuiwing van grond, sand, skulpe, skulpgruis, spoelklippe of rots uit 'n waterloop, die see, die strand, die aktiewe kussone, of 100 m landwaarts vanaf die HWM.
22	Die bou van 'n pad buite stedelike gebiede met 'n reserwe wat breër as 13.5 m is.
23	Die omskepping van onontwikkelde grond vir nywerheidsgebruik buite 'n stedelike gebied, waar die totale oppervlak wat omskep word groter as 1 ha maar kleiner as 20 ha is.
37	Die uitbreiding van infrastruktuur vir massa watertoevoer.
39	Die vergroting van brûe binne 'n waterloop of binne 32 meter vanaf 'n waterloop.
47	Die verbreding van 'n pad met meer as 6 m, of die verlenging van 'n pad met meer as 1 km, waar die bestaande reserwe breër as 13.5 m is.
RK R545 (vereis OB&OIV)	
5	Die oprigting van geriewe of infrastruktuur vir enige proses of aktiwiteit wat – ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing oor die skep of vrystelling van emissies, besoedeling of uitvloei – 'n permit of lisensie vereis.
14	Die oprigting van 'n eiland, geankerde platform of enige ander permanente struktuur op of langs die seabodem.

RK R546 (vereis BE in die sensitiewe gebiede)

2	Die oprigting van reservoors met 'n kapasiteit van meer as 250 m ³ vir massa watertoevoer.
4	Die oprigting van 'n pad wat breër as 4 m is.
12	Die ruiming van plantegroei in 'n area wat 300 m ² of meer beslaan, waar 75% of meer van die plante inheems is, binne 'n Kritieke Biodiversiteitsgebied (KBG), of binne 100 m landwaarts vanaf die HWM.
13	Die ruiming van plantegroei in 'n area wat 1 ha of meer beslaan, waar 75% of meer van die plante inheems is, binne 'n KBG, en binne 1 km vanaf die HWM.
14	Die ruiming van plantegroei in 'n gebied wat 5 ha of meer beslaan, waar 75% of meer van die plante inheems is, in alle areas buite stedelike gebiede in die Noord-Kaap.
16	Die oprigting van geboue met 'n oppervlak wat meer as 10 m ² beslaan; of infrastruktuur wat 10 m ² of meer dek, waar sodanige geboue binne 'n waterloop of binne 32 m vanaf 'n waterloop is.
19	Die verbreding van 'n pad met meer as 4 m, of die verlenging van 'n pad met meer as 1 km.
24	Die uitbreiding van infrastruktuur met 10 m ² of meer in 'n waterloop of binne 32 m vanaf 'n waterloop.

Die voorstander word gevolglik genoodsaak om vir OM vir die projek aansoek te doen. Aangesien aktiwiteite wat ingevolge Regulasie RK 545 gelys is, vir die projek geld, word 'n OB&OIV-proses vereis.

Daar word ook verwag dat 'n Watergebruiklisensie ingevolge Artikel 21 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) (NWW) by die Departement van Waterwese verkry sal moet word. Watergebruiksaktiwiteite wat op die projek van toepassing mag wees, word in Tabel 2 gelys.


Tabel 2: NWW-watergebruiksaktiwiteite vir die projek

No	Beskrywing
a	Neem van water uit 'n waterbron.
b	Berging van water.
c	Belemmering of verplasing van watervloei in 'n waterloop.
f	Uitlaat van afval of water wat afval bevat in 'n waterbron deur 'n pyp, kanaal, riool, seeuitlaat of ander geleier.
i	Wysiging van die bed, oewer, loop of eienskappe van 'n waterloop.

Permitte vir die ontwikkeling van infrastruktuur in die kussone (vir die ontsoeringsaanleg) en vir die uitlaat van uitvloei na die see sal moontlik ook van die Departement van Omgewingsake verkry moet word ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet 24 van 2008) (WNOB: GKB).

3 OMGEWINGSPROSES

Die OIB-regulasies, 2010 bepaal die gedetailleerde benadering tot die OB&OIV-proses, wat uit twee fases bestaan: die Omvangbepalingsfase (die huidige fase) en die Impakbepalingsfase (raadpleeg Figuur 2).



Figuur 2: OB&OIV-proses

***Nota:** OBP = Omgewingsbestuursprogram

Die Omvangbepalingsfase se doelwitte is soos volg:

- Identifiseer belanghebbers en lig hulle in oor die voorgestelde aktiwiteit, lewensvatbare alternatiewe en die OB&OIV-proses;
- Beskryf die geaffekteerde omgewing en potensiële omgewingskwessies en voordele wat uit die voorgestelde projek spruit wat moontlik verdere ondersoek gedurende die Impakbepalingsfase sal noodsaak;
- Bepaal reikwydte van spesialisstudies wat tydens die Impakbepalingsfase uitgevoer sal word;
- Bied belanghebbers die geleentheid om aan die proses deel te neem en enige kwessies of kwelpunte te identifiseer; en
- Lewer 'n Omvangbepalingsverslag aan die betrokke owerhede.

Sodra die Omvangbepalingsfase afgehandel is, sal die Impakbepalingsfase begin, waartydens die beduidendheid van potensiële uitwerkings gemeet sal word, en maatreëls bepaal sal word om negatiewe uitwerkings te voorkom en/of te versag en voordele uit te bou.

4 BESKRYWING VAN DIE TERREIN EN OMGEWING

Die terrein is geleë in Namakwaland, bekend om sy unieke, geïsoleerde, droë omgewing. Die ontsoeringsaanleg sal by Volwaterbaai, sowat 15 km wes van die dorp Kotzesrus, opgerig word, en sal op 'n tipiese deel van die Namakwalandse kuslyn geleë wees – rotsagtige uitsteeksels wat afgewissel word deur sandstrande.

Vanaf die ontsoeringsaanleg, sal watertoevoerpipe, oorhoofse kraglyne en 'n toegangspad wat die aanleg sal bedien (linêre infrastruktuur) langs 'n kombinasie van 4x4-roetes en grondpaaie na die Zandkopsdrift-myn loop – 'n afstand van sowat 42 km. Die roete sal deur, of naby aan, Kotzesrus verbyloop (afhange van watter roete-alternatief gekies word).



Figuur 3: Die Namakwaland-kuslyn naby Volwaterbaai

Die omliggende gebied word meestal vir landbou-doeleindes gebruik (weiding vir skape). 'n Aantal klein nedersettings is in die omgewing geleë, insluitend Kotzesrus, Lepelsfontein, Stofkraal, Rietpoort, Molsvlei en Garies.

Volgens die Namakwa Bio-streksplan loop die projek-infrastruktuur deur landelike en akwatiese KBG'e sowel as Ekologiese Steungebiede.

Hoewel dit 'n waterskaars, semi-droë streek is, kom die Brakrivier, sytakke van die Brak- en Groenrivier en enkele vleilandgebiede (waarvan die toestand as *matig gewysig* beskou word) in die projekgebied voor.

Die plantegroei in die studiegebied val binne die *Sentraal-Namakwalandse Kusstreek* (wat deur die Sukkulente Karoo Ekostelselprogram as 'n *geografiese prioriteitsgebied* gelys is) en die *Sukkulente Karoo Endemiese Streek* (wat deur die Nasionale Ruimtelike Biodiversiteitsevalueringplan as 'n *biodiversiteit-prioriteitsgebied* gelys is). Die studiegebied val egter nie binne die oorblywende deel van enige bedreigde ekosisteem nie, en die plantegroei in die gebied is as *Minste Bedreig* gelys.



Figuur 4: Natuurlike plantegroei naby Kotzesrus

Die Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit, waarbinne die terrein geleë is, het in 2011 'n bevolking van 10 187 gehad, sowat 5% kleiner as in 2001, weens migrasie wat verbind word met 'n gebrek aan ekonomiese geleenthede. Die Munisipaliteit word gekenmerk deur 'n hoë werkloosheidsyfer, lae opvoedingsvlakke en gevolglik 'n hoë voorkoms van armoede.

5 PROJEK- EN PROSES BESKRYWING

5.1 Projekinfrastruktuur

Die projek sal die volgende insluit:

- **Mariene infrastruktuur**, bestaande uit die seewaterinlaat onder die HWM, en die soutwateruitlaat onder die laagwatermerk, albei geleë in bestaande sloepe. Ondergrondse pyplyne na die ontsoeringsaanleg sal oor die tussengetysonde loop;
- **Ontsoeringsaanleg** naby die kus met 'n oppervlak van 15 000 m². Die aanleggebou en omliggende infrastruktuur sal só ontwerp word om die visuele impak te versag;
- **Massa watertoevoer- en bergingsinfrastruktuur**, insluitend **pyplyne**, wat dieselfde lyn as die paaie na die myn volg, **pompstasies** by die ontsoeringsaanleg en langs die pyplynroete en **reservoirs** by die ontsoeringsaanleg en Kotzesrus;
- **Oorhoofse kraglyne**, direk vanaf Zandkopsdrift-myn gevoer om die ontsoeringsaanleg van elektrisiteit te voorsien. Kraglyne sal die pad-roete volg; en
- **Paaie** (sowat 42 km lank) wat toegang tot die myn bied vanaf die ontsoeringsaanleg, asook die pyplyne en kraglyne. Die pad sal 4 m breed wees met 'n 15 m breë serwituu, en sal ongeteer wees (grondpad).

5.2 Ontsoeringsproses

Ontsoering verwys na 'n waterbehandelingsproses waarmee sout uit soutwater verwyder word om vars water te lewer. Die voorgestelde ontsoeringsproses sal tegnologie bekend as Tru-osmose (TO) gebruik om sout uit seewater te verwyder, wat vars water en gekonsentreerde soutwater lewer.

Die hoofelemente in die ontsoeringsproses is:

- **Seewaterinlaat** van sowat 30 000 m³ water per dag oor 'n tydperk van 24 uur;
- **Voerbehandeling van voerwater**, wat sifting en filtrasie sal insluit om suspensiedeeltjies te verwyder;
- **Ontsoening**, waar voerwater onder druk met behulp van TO-tegnologie deur 'n reeks membrane vloei wat slegs water deurlaat (lae soutinhoud-permeaat), terwyl sout en organiese materiaal in seewaterkonsentraat agterbly;
- **Nábehandeling** (hermineralisering en ontsmetting) van proseswater; en
- **Uitlaat van gekonsentreerde soutwater** afkomstig uit die ontsoeringsproses.

Die ontsoeringsaanleg sal sowat 4 miljoen m³ water per jaar lewer. Van die sowat 30 000 m³ seewater wat per dag deur die ontsoeringsaanleg sal vloei, sal gemiddeld 60% van die aanleg af na die see teruggepomp word as gekonsentreerde soutwater. Gekonsentreerde soutwater het 'n hoër soutinhoud en 'n effens hoër temperatuur in vergelyking met die inkomende voerwater. Gekonsentreerde soutwater kan ook klein hoeveelhede chemikalieë bevat wat gebruik word vir die aanleg se skoonmaak en die preservering van die membrane.

6 ALTERNATIEWE

Die OIB-regulasies, 2010, vereis dat alle OB&OIV-prosesse redelike, lewensvatbare alternatiewe moet identifiseer en beskryf. Alternatiewe wat tydens die siftingsfase van hierdie projek oorweeg is, sluit in:

Alternatiewe waterbronne: Oppervlak- en grondwaterhulpbronne is onvoldoende om aan die myn se waterbehoefte te voldoen. Die **ontsoening** van seewater word as die enigste lewensvatbare opsie vir 'n veilige en betroubare watervoorraad

Seewaterinlaat-alternatiewe: Strandputte is uitgeskakel as 'n werkbare opsie omdat ondergrondse rotslae dit verhoed. 'n **Kleinskaalse waterinlaat** word as die enigste lewensvatbare opsie beskou.

Alternatiewe liggings vir gekonsentreerde soutwater-uitlaat: 22 potensiële uitlaatliggings is geïdentifiseer. Die gekose ligging is bepaal ná aanvanklike oorlegpleging met mariene-ingenieurs en mariene-ekoloë; dit word beskou as die geskikste opsie vanuit 'n tegniese en ekologiese oogpunt.

Alternatiewe liggings vir seewaterinlaat: Volwaterbaai is uit 4 alternatiewe liggings gekies op grond van seetoestande, landeierskappe, beboubaarheid, gekonsentreerde soutwater-afsettingsopsies, en bedryfs- en onderhoudvereistes.

Alternatiewe Posisies vir Ontsoeringsaanleg: Vyf alternatiewe posisies vir die ontsoeringsaanleg is geïdentifiseer op grond van die gekose ligging van die seewaterinlaat. Die presiese posisie van die ontsoeringsaanleg by Volwaterbaai is nog nie vasgestel nie.

Kragvoorsieningsalternatiewe: Windturbines en dieselopwekkers is uitgeskakel as opsies. Krag vanaf die **kragnetwerk**, aangelê met behulp van oorhoofse lyne vanaf die myn, word as die enigste lewensvatbare alternatief beskou.

Roete-alternatiewe: Tien alternatiewe roetes vir linêre infrastruktuur tussen die myn en die ontsoeringsaanleg is geïdentifiseer. 'n Aantal opsies is uitgeskakel op grond van tegniese lewensvatbaarheid en ekologiese beperkings. 'n Voorkeuroete is geïdentifiseer (**Kotzesrus-roete**), saam met twee potensiële roetes wat om Kotzesrus loop (**Ompadroete** en **Alternatiewe Ompadroete**).

Verskeie **proses- en ontwerpalternatiewe** word ook ondersoek.

Die 'Geen Ontwikkeling'-opsie sal in die OIB oorweeg word, ooreenkomstig die vereistes van die OIB-regulasies, 2010. Die 'Geen Ontwikkeling'-opsie behels geen verandering aan die *status quo* nie, met ander woorde die voorgestelde perseel vir die ontsoeringsaanleg sal leeg bly en geen linêre infrastruktuur sal opgerig word nie. Te wyte aan die gebrek aan water in Namakwaland is dit onwaarskynlik dat die Zandkopsdrift-myn ontwikkel sal word.

7 BETREKING VAN BELANGHEBBERS

Die betrekking van belanghebbers is 'n sleutelkomponent van die OB&OIV-proses, en word onderneem in ooreenstemming met die vereistes van die OIB-regulasies, 2010. Die aktiwiteite om belanghebbers te betrek wat met die Omvangbepalingsfase verband hou, word in Tabel 3 hieronder opgesom.

Die betrokke plaaslike, provinsiale en nasionale owerhede, bewaringsliggame, plaaslike forums en omliggende grondeienaars en -bewoners is direk in kennis gestel van die OB&OIV-proses en die uitreiking van die Omvangbepalingsverslag vir kommentaar.

Tabel 3: Betrekking van belanghebbers tydens Omvangbepaling

Aktiwiteit	Datum
Reik Omvangbepalingsverslag aan die Publiek uit	29 Augustus 2013
Kommentaar periode	2 September – 14 Oktober 2013
Openbare Ope Dae	27- 28 September 2013

8 POTENSIËLE OMGEWINGS- EN SOSIALE UITWERKINGS

Die projekinfrastruktuur loop oor KBG'e wat met sensitiewe plantegroei en varswaterbronne verbind word. Die oprigting van infrastruktuur in voorheen onversteurde gebiede kan moontlik 'n uitwerking op land-ekologie (insluitend flora en fauna) hê.

Die kus- en mariene omgewing word as ryk aan biodiversiteit en as relatief ongeskonde beskou. Seewateronttrekking, die uitvloeï van gekonsentreerde soutwater en die oprigting van infrastruktuur in die kussonne en onder die HWM kan moontlik 'n uitwerking op marienelewe hê.

Die Namakwalandse kuslyn word beskou as 'n ryk argeologiese en paleontologiese bron. 'n Aantal van hierdie erfenishulpbronne is in die omliggende gebied geïdentifiseer, en die dorp Kotzesrus bevat 'n paar historiese geboue.

Die projekgebied is afgeleë en slegs 'n beperkte getal reseptore – insluitend toeriste en plaaslike inwoners – sal deur die oprigting van die ontsoeringsaanleg geraak word; 'n handjievol grondeienaars in Kotzesrus se omgewing sal deur die oprigting van die verwante infrastruktuur geraak word.

Die projek kan korttermyn-werksgeleenthede skep, en die bedryf van die ontsoeringsaanleg kan dalk enkele langtermyn-werksgeleenthede skep.

Die volgende sleutelomgewingskwessies – potensiële negatiewe uitwerkings en potensiële voordele – is geïdentifiseer:

Land- en vleiland-ekologie – potensiële uitwerking op bedreigde spesies en habitate;

Landdiere – potensiële uitwerking op dierehabitate tydens konstruksie. Daarby kan linêre infrastruktuur versperrings vir die migrasie van sekere dierspesies skep;

Mariene en kus-ekologie – potensiële uitwerkings op marienelewe en kus-ekosisteme, insluitend die uitwerking en inbreuk op die plante- en dierelewe, en die uitwerking op seelewe as gevolg van verhoogde soutvlakke en die aanwesigheid van seewateruitlaat; en

Erfenis – potensiële uitwerkings op gebiede van argeologiese of paleontologiese belang.

Sekere uitwerkings soos luggehalte, geraas, sosio-ekonomie eienskappe, verkeer en visuele- (of karakter-eienskappe) sal waarskynlik geag word as is minder beduidend, hoewel dit belangrik is.

9 STUDIEPLAN VIR DIE IMPAKBEPALING

Ten einde die potensiële kwessies en uitwerkings wat tot dusver geïdentifiseer is aan te spreek, word die volgende spesialisstudies voorgestel:

- Evaluering van land- en vleilandekologie (insluitend landdiere);
- Hidrodinamiese mariene modellering;
- Evaluering van mariene en kus-ekologie;
- Erfenisevaluering; en
- Paleontologie-evaluering.

Spesialisinsette – en nie volskaalse spesialisstudies nie – word vir aspekte soos luggehalte, geraas, sosio-ekonomie, verkeer en visuele impak (karakter-eienskappe) aanbeveel.

Daar sal van al die spesialiste verwag word om gedetailleerde basislyninligting te verskaf en om die potensiële uitwerking van die voorgestelde projek in hul betrokke studieveld te identifiseer en te meet. Die spesialiste sal verder uitvoerbare maatreëls ter versagting en optimalisering moet identifiseer om enige negatiewe uitwerking te voorkom of te minimaliseer, en/of om enige voordele te versterk. SRK se standaardimpakbepaling-metodologie sal ingespan word tydens die bepaling van uitwerkings.

Sodra die spesialisstudies voltooi is, sal die uitslae in 'n OIB-verslag en OBP vervat word. Die OIB-verslag en OBP sal deur kennisgewings aan geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (BGP'e) beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar. Sleutelowerhede sal ook as deel van die proses geraadpleeg word.

Alle kommentaar wat ontvang word, sal in 'n Kommentaarverslag saamgevat word, wat by die OIB-verslag aangeheg sal word. Die OIB-verslag en OBP sal dan aan NCDENC voorgelê word vir oorweging en besluitneming.

HOE U AAN DIE OIB-PROSES KAN DEELNEEM

Die Omvangbepalingsverslag is nie 'n finale verslag nie, en kan gewysig word, afhangende van belanghebbers se kommentaar wat ontvang word. Kwessies en kwellinge wat in die Omvangbepalingstudie geïdentifiseer is, sal die OIB nouer laat fokus, en sal gebruik word om die opdragte vir spesialisstudies te verfyn. Belanghebbers word dus aangemoedig om deel te neem.

LEES DIE VERSLAG

Afskrifte van die volledige verslag gaan by die volgende plekke **beskikbaar** wees vir die publiek se insae:

- Kotzesrus Cash Store;
- Munisipale Dienspunte in:
 - Lepelsfontein;
 - Stofkraal;
 - Rietpoort; en
 - Molsvlei.
- Garies Openbare Biblioteek;
- Sekuriteitskantoor by Zandkopsdrift-myn;
- SRK se Kaapstad-kantoor; en
- SRK se webwerf: www.srk.co.za – klik op die 'Recent Publications'- en dan die 'Public Documents'-skakel.

BGP'e word genooi om kommentaar te lewer en/of op die projekdatabasis te registreer. BGP'e moet na die NCDENC-verwysingsnommer verwys, en moet hul kommentaar saam met hul naam, kontakbesonderhede (voorkeurmetode van kennisgewing, bv. e-pos) en 'n aanduiding van enige direkte sake-, finansiële, persoonlike of ander belang wat hulle by die aansoek het, **teen 14 Oktober 2013** aan die kontakpersoon hieronder verskaf.

REGISTREER OF LIG JOU MENING

Registreer of stuur skriftelike kommentaar aan:

Larissa Heyns

SRK Consulting

Postnet Suite #206, Privaatsak X18,
Rondebosch, 7701

Tel: + 27 21 659 3060

Faks: +27 21 685 7105

E-pos: lheyns@srk.co.za

Kommentaar moet SRK teen **14 Oktober 2013** bereik om by die Finale Omvangbepalingsverslag ingesluit te word. Slegs geregistreerde BGP'e sal in kennis gestel word van toekomstige geleenthede om kommentaar te lewer.

WOON 'N VERGADERING BY

'n Aantal **Openbare Ope Dae** waar die projek bespreek sal word, en waar bykomende kwelpte of kwessies geopper kan word sal gehou word:

Openbare Ope Dag:

Plek: Lepelsfontein Gemeenskapsaal

Datum: Vrydag, 27 September 2013

Tyd: 09h00 tot 12h00

Openbare Ope Dag:

Plek: Kotzesrus Kerkzaal

Datum: Vrydag, 27 September 2013

Tyd: 14h00 tot 17h00

Openbare Ope Dag:

Plek: Garies Stadsaal

Datum: Saterdag, 28 September 2013

Tyd: 09h00 tot 12h00

Die betrokke Staatsliggame is outomaties as belanghebbers geregistreer. Volgens die OIB-regulasies, 2010, moet alle ander **persone skriftelik aansoek doen om op die register geplaas te word, skriftelike kommentaar voor te lê of vergaderings by te woon ten einde as belanghebbers geregistreer te word**, en om in die toekoms korrespondensie oor die projek te ontvang.

